# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

### JUNIE EKSAMEN – VRAESTEL 2

**GRAAD 12**

**TYD: 2UUR**
**PUNTE: 70**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 17 BLADSYE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees Al die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kortverhale<br>(Kies EEN vraag uit hierdie afdeling) | (35) |
| AFDELING B: | Gedigte<br>(Kies TWEE vrae in hierdie afdeling) | (35) |

2. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

5. Skryf netjies en leesbaar.

6. Vul die voorblad van jou antwoordstel volledig in. Moet dit nie afskeur nie

## AFDELING A: KORTVERHALE

## BEANTWOORD EEN VAN DIE VOLGENDE KONTEKSTUELE VRAE.

### VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

### BENEDICTA - Margaret Bakkes

Lees al die uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae.

| |
|---|
| **Dit was op 'n gloeiende, skroeiende Saterdagmiddag om twee-uur toe ek gehoor het van die krokodilaanval. Ek en my dogter het teruggekeer van 'n inkopietog en toe ek voor haar deur stilhou om haar af te laai, was dit vir my vreemd om my man se geel Fiat-motortjie daar aan te tref.** |

1.1 Waarom was dit vir die spreker vreemd dat haar man se motor by die huis geparkeer is? (1)

1.2 Wat is die ontstellende nuus wat die spreker hoor? (1)

1.3 Francois is 'n steunpilaar in die verhaal.

1.3.1 Stem jy saam met hierdie stellling? Sê JA of NEE. (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord. (1)

13.3 Wat is die verhouding tussen die spreker en Francios? (1)

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Christiaan word per helikopter na Pietersburg (Polokwane) vervoer. Die familie kan hieruit aflei dat

A. Christiaan se beserings ernstig is
B. die plaaslike hospitaal se dienste swak is
C. Pietersburg 'n klein vliegveld het
D. die ambulansdienste nie beskikbaar is nie. (1)

| |
|---|
| **Ek dwaal deur die tuin en ek glo op daardie oomblik dat my kind, my groot, sterk, pragtige manskind, met rooi hare soos myne, nie van my weggeneem sal word nie. Daar was tog mos al dikwels in sy lewe noue ontkomings. Dikwels het ons aan die rand van die afgrond gestaan. Telkens is ons met genade teruggegryp. Waarom nie nou nie? Hieraan hou ek vas.** |

1.5 Die spreker klou aan die hoop dat haar seun die aanval sal oorleef. Op grond waarvan hoop sy dit? Bespreek TWEE redes. (4)

1.6 Noem TWEE karaktereienskappe wat Christiaan se persoonlikheid beskryf. Skryf net TWEE woorde as antwoord neer. (2)

1.7 Pas die karakter in KOLOM A by die korrekte beskrywing in KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Christiaan | A. Toon meegevoel met die hartseer van 'n moeder. |
| 1.7.2 Die spreker | B. Dra die ontstellende nuus aan die spreker oor. |
| 1.7.3 Johannes | C. 'n Georganiseerde persoon. |
| 1.7.4 Pa | D. Het al baie noue ontkomings gehad. |
| 1.7.5 Benedicta | E. Ry saam met die spreker in 'n bakkie na Nelspruit. |
| 1.7.6 Francios | F. Word by 'n Ultra City deur 'n onbekende bemoedig. |

6 – 2 (3)

1.8 Gee 'n kort beskrywing van Christiaan se beserings na sy laaste aanval. Jy moet TWEE feite gee. (2)

1.9 Christiaan het 'n fisiese gebrek van een van sy ontkomings oorgehou.

1.9.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **bakkie** **beskadig** | **buffel** | **Tweede nuwejaar** | **gewig** |

Op (1.10.1)……ry Christiaan in gietende reën terug Orpen toe. Sy (1.10.2….. val vas en hy moet terugstap na die basis toe. Hy word deur 'n stormende (1.10.3…) aangeval en is bly hy wond hom net. Christiaan sou doodgegaan het omdat die (1.10.4)… van die dier hom sou vaspen. (4)

**Ons ry deur die indonkerende landskap. Ons praat min. Om ons gedagtes en vrese te deel, is onhoudbaar, want dan gee ons woorde gestalte.**

1.11 Wat is die verteller se grootste vrees nadat sy van die aanval op haar seun gehoor het? (1)

1.12 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die figuurlike betekens van "Ons ry deur die indonkerende landskap" verwys na die

A. landskap wat duidelik in die maanlig te sien is.
B. toenemende vrees dat Christiaan die aanval nie sal oorleef nie.
C. vliegtuigrit na 1 Militêre Hospitaal waar Christiaan is.
D. Johannes se vermoë om in die donkerte te bestuur. (1)

1.13 Die spreker onderdruk haar gevoelens in die bakkie terwyl hulle ry. Waarom? (1)

1.14 Waarom het die gesin in twee voertuie gery? (1)

**Sodat ek nie die persoon sien wat om die hoek verskyn en ontsteld na my kyk nie. Die swart vrou van die glashok slaan haar arm om my.**

1.15 Voltooi die volgende sin. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die spreker en Johannes stop by 'n .......... (1)

1.16 Waarom kyk die swart vrou in bogenoemde uittreksel so ontsteld na na die spreker? (1)

1.17 Waarmee het die swart vrou die spreker probeer troos? Noem TWEE dinge. (2)

1.18 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die spreker is 'n geheelonthouer. Dit beteken sy

A. kan baie goed al die noue ontkomings onthou.
B. drink nie alkohol nie.
C. hou geheel en al nie daarvan om haar emosies te wys nie.
D. neem altyd ander mense se gevoelens in ag. (1)

1.19 Die swart vrou se naam is Benedicta. Waarom is hierdie naam baie gepas vir haar? (1)

1.20 Wat is die finale boodskap van troos wat Benedicta vir die spreker gee? (1)

1.21 Watter les het jy uit hierdie verhaal oor menseverhoudinge geleer? (1)
[35]

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**BABY - E.K.M. Dido**

Lees die uittreksels deur en beantwoord al die vrae wat volg.

> **Terwyl die grootmense praat, vra ek vir Baby of sy saam met ons wil netbal speel. Sy lyk gretig, maar haar pa hou haar stywer vas en glimlag na Sersant se kant toe. "Baby kry mos die *fits* en ek is bietjie bang om haar onder my oë uit te laat gaan. Ek en haar ma het juis besluit dat ons haar by 'n spesialis in Oos-Londen moet kry as ek terug is daar met my *shows.***

2.1 Wie is hier aan die woord? (1)

2.2 Wat het daartoe aanleiding gegee dat Sersant de Wit die besoekers na die verteller se huis gebring het? Gee TWEE redes. (2)

2.3 Die dorpie, Nquamakwe, waar die verhaal afspeel, is in twee verdeel.

2.3.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? Antwoord JA of NEE. (1)

2.3.2 Motiveer jou antwoord. (1)

2.4 Nooi se gesin is arm. Skryf TWEE feite neer om hierdie stelling bewys. (2)

2.5.1 Na watter "shows" verwys oom Attie? (1)

2.5.2 Waarom is oom Attie se beroep ironies? (1)

2.6.1 Waarom, dink jy, is Baby gretig om netbal te gaan speel? (1)

2.6.2 Waarom wil Attie nie toelaat dat Baby netbal gaan speel nie? (1)

2.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Waar slaap Attie en Baby daardie aand?

A. by Nooi se familie
B. by ouma Stienie
C. by ouma Sannie, 'n paar huise weg
D. in die bo-dorp

(1)

2.8 Pas die karakter in KOLOM A by die beskrywing in KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.8.1 Claudia Grootboom | A. Hy werk as 'n arbeider |
| 2.8.2 Nooi | B. Hy lei almal nog om die bos |
| 2.8.3 Andrew Barnard | C. Sy is baie nuuskierig en oplettend |
| 2.8.4 Sersant de Wit | D. Sy lyk volwasse maar is bang en ongelukkig |
| 2.8.5 Doempie | E. Hy luister nie na Baby nie |

5 x 1 (5)

**Baby lyk snaaks, al glimlag sy so breed. Haar oë is wyd gerek, en dit lyk of sy niks voor haar kan sien nie. Maar sy ruik nie na wyn nie. Ek en Ma trek haar die huis in en Ma sê my om 'n kombers te kry om haar toe te maak. Om haar lyf toe te kry, is 'n probleem. Elke keer as die kombers oor haar kop swaai, skreeu sy:"Mô, help!"**

2.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

"Maar sy ruik nie na wyn nie." suggereer dat Ma en Nooi dink

A. dat Baby onder die invloed van dwelms is.
B. dat Baby gedrink het.
C. Baby geen wyn gedrink het nie
D. Attie vir Baby drank gegee het.

(1)

2.10.1 Watter verduideliking gee Attie vir Ma vir Baby se vreemde gedrag in bogenoemde uittreksel. (1)

2.11 Hoekom probeer Ma Baby met 'n kombers bedek? (1)

2.12. Attie het vir Ma om die bos gelei met sy verduideliking.

2.12.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.12.2 Motiveer jou antwoord. (1)

2.13 Hoekom is Baby se naam ironies? (1)

2.14 Attie en Baby het teenoorgestelde reaksies gehad toe hulle hoor die motor is nog nie reg nie. Beskryf:

2.14.1 Baby se reaksie. (1)

2.14.2 Attie se reaksie. (1)

**Sersant steur hom nie aan my ouers nie. Hy is besig met die boeie. Sy vrou sit en hou vir Baby styf in haar arms vas en wieg haar heen en weer.**

2.15.1 Wie het agtergekom dat Attie nie is wat hy voorgee nie? (1)

2.15.2 Hoe het bogenoemde persoon die raaisel opgelos? (1)

2.16 Kyk na die woorde in die woordblok en voltooi die sinne wat volg. Jy mag 'n antwoord net een keer gebruik. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **ontvoer** | **drie** | **bedrieg** | **Pretoria** | **twee** |
| **Oos-Londen** | **vermoor** | **een** | **dwelms** | |

Attie het Baby (2.16.1)....en sy word reeds (2.16.2)....jaar vermis. Sy kom oorspronklik van (2.16.3)...... Attie het Baby met (2.16.4)...... beheer. (4)

2.17 Watter UITERLIKE KONFLIK vind ons aan die einde van hierdie verhaal? (1)

2.18 Waarom is die gebruik van Kaapse Afrikaans baie funksioneel in hierdie verhaal? (1)

2.19 Watter aanklag (behalwe ontvoering) is ook teen Attie ingebring? (1)

2.20 Watter waarskuwing probeer hierdie verhaal gee? (1)

{35}

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

## AFDELING B: GEDIGTE

*VERSJOERNAAL*

BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

**VRAAG 3:**

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### Die Hanswors

**Oor sy afsigtelike boggel**
**en kromheid, het hul hom gekoggel,**
**en bitterder was hul venyn**
**as sy vergroeide ruggraatpyn.**

**Tussen die diere in 'n hoek**
**het hy die eensaamheid gesoek:**
**"Met klere wat gedurig gaar is,**
**Wat doen die vent met sy salaris?"**

**Hy't maandeliks by die poskantoor**
**'n brief gepos of een gelees**
**by die dierkratte, oor en oor:**
**"Sou daar tog êrens iemand wees?"**

**En daardie ewige reuk en drank:**
**nie een sou huil as hy bedank,**
**maar waar hy in die sirkustent**
**aapagtig teen die firmament,**
**hoog teen die takelwerk, kon klouter,**
**die dood uittart, en, klein kabouter,**
**sy duiwelstreke uithaal onder**
**dat almal skater vir die wonder,**
**is hy, hoeseer verag, verlate**
**nog deur die baas beskou as bate.**

**Toe het 'n brief gekom eendag...**
**Hy't oor die bed gebuk, verblind,**
**terwyl 'n boggelvroutjie, sag,**
**sterwend fluister:"Dankie my kind..."**

3.1 Gee 'n sinoniem vir "hanswors". (½)

3.2 Waar kry 'n mens gewoonlik hansworse? (1)

3.3 Wie dink jy is die "hul" in strofe 1? (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die mense het die hanswors oor sy ……geterg.

A. stukkende klere
B. toertjies
C. boggel
D. familie (1)

3.5 Watter woord dui aan dat die sirkusmense die hanswors verneder het? (1)

3.6 Waarheen het die hanswors gevlug om weg te kom van die mense se bitsigheid? (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die sirkusbaas het geweet dat dit vir die sirkus goed was om die hanswors daar te hê, want hy het (geld vir die sirkus ingebring / die diere die beste van almal verstaan). (1)

3.8 Kies 'n frase uit KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | Hulle het die hanswors gespot. | A. | die diere |
| 3.8.2 | Die hanswors het veilig by hulle gevoel | B. | die skare |
| 3.8.3 | Hier is die hanswors nog as snaaks beleef. | C. | die sirkusbaas |
| | | D. | die ander sirkusmense |

(3 x 1) (3)

3.9 Haal DRIE opeenvolgende woorde aan wat aandui dat die briewe wat die hanswors ontvang het, vir hom baie belangrik was. (1)

3.10 Die hanswors was roekeloos met sy lewe.

3.10.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

3.10.2 Haal DRIE opeenvolgende woorde aan om jou antwoord te bewys. (1)

3.11 Watter woord in strofe 4 wys 'n wending in die gedig aan? (1)

3.12 Watter rympatroon word in strofe 1 gebruik? (1)

3.13 Waarvoor bedank die vroutjie die hanswors in die laaste strofe? (1)

3.14 Die hanswors het geweet wat die ander mense van hom gesê en gedink het? Hoe weet ons dit? (1)

3.15 Hoe kry die digter dit reg dat die spreker jammer vir die hanswors voel? (1)

(17 ½)

**VRAAG 4:**

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**KONTAK**

**Ek kon jou met 'n selfoon bel**
**Om te sê dat ek jou baie mis,**
**Maar die kaart was gekrap, die batterye pap.**
**En die boodskap het in die niet verdamp.**

**Ek het vir jou 'n brief geskryf**
**En my hart se hoeke daarin uitgewas**
**Maar my pen was te krom, my vingers te dom**
**Om die woorde in die koevert te pas.**

**Toe het ek maar 'n duif gestuur**
**Sonder skrif of klank, en nou wag ek,**
**Hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom**
**Met 'n takkie blare in sy bek.**

4.1 Watter tipe spreker is aan die woord in hierdie gedig? ( ½)

4.2 Haal TWEE APARTE WERKWOORDE uit die eerste twee strofes aan wat daarop dui dat die spreker met sy/haar geliefde kontak **WOU** maak. (2)

4.3.1 Behalwe die pap battery, gee nog 'n rede uit strofe 1 waarom die spreker se pogings om kontak met sy/haar geliefde te maak, misluk het. (1)

4.3.2 Waarom is die pap battery nie regtig 'n verskoning om nie 'n boodskap te stuur nie? (1)

4.4 Hoekom is versreëls 10 en 11 'n voorbeeld waar polisidenton gebruik word? (2)

4.5 Gee TWEE redes hoekom die brief ook nie gewerk het as 'n manier om mee te kommunikeer nie. (2)

4.6 Haal EEN voorbeeld van klanknabootsing uit die gedig aan. (1)

4.7 Die spreker het **moed opgegee** om met sy/haar geliefde kontak te maak.

4.7.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.7.2 Motiveer jou antwoord. (1)

4.8 Hoekom sou die spreker baie bly gewees het as die duif met 'n takkie in sy bek teruggekom het? (1)

4.9 Kies elke keer die woord uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM pas. Skryf net die letter langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.9.1 "om te sê dat ek jou baie mis" | A. beskerm |
| 4.9.2 "in die niet verdamp" | B. verdwyn |
| 4.9.3 "hart se hoeke daarin uitgewas" | C. skoonmaak |
| | D. verlang |

(3x1) (3)

4.10 Verduidelik wat die versreël "om die woorde in die koevert te pas" beteken. (1)

4.11 Wat is die boodskap wat die spreker in strofe een wou stuur? (1)

(17 ½)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kabouterliefde – Ingrid Jonker**
(Vir Simone)

**Die kabouter met die rooi-rooi pet**
**die kabouter met die geel hemp aan**
**het sy hart gistraand vir my gegee**
**en sy hemp is vir die maan.**

**Die hoepelronde blou-blou lug**
**het kadoemps op die grond geval**
**hy't dit blink-blou in sy hand gerol**
**toe speel ons daarmee bal**

**Die sterre met hul wit ligte**
**het geknipoog toe ons lag**
**hul't rondom ons 'n kring getrek**
**soos 'n laer in die nag**

**Die aandblom het sy trom-trompet**
**geblaas in die warrelwindkring**
**die kalkoentjies met hul rooi mondjies**
**het die sprinkaan-wals gesing**

**Die maan met sy geel lyfie**
**het gaan plat lê op sy rug**
**hy't gaan slaap by die gousblomme**
**met sy boepens in die lug**

**Die kabouter met die rooi-rooi hart**
**het dit self vir my gesê**
**hy't die aardbol oor sy kop gegooi**
**o dis hier waar die liefde lê**

5.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

In hierdie gedig leef die kabouter in die spreker se (blommetuin / verbeelding) (½ )

5.2 Wat het die kabouter op sy kop gehad? Haal DRIE opeenvolgende woorde aan. (1)

5.3 Haal EEN versreël uit strofe 1 aan wat 'n liefdesverhouding aandui. (1)

5.4 Wat is die ooreenkoms tussen die kabouter se hemp en die maan? (1)

5.5 Watter beeldspraak word uitgebeeld met die woord "kadoemps" in versreël 6? (1)

5.6 Hoe weet die leser dat daar geen wolke in die lug was nie? (1)

5.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die "laer" (versreël 12) het die spreker en die kabouter 'n gevoel van …..gegee.

A. alleenheid
B. aanvaarding
C. veiligheid
D. vrees (1)

5.8 Hoe het die sterre gewys dat hulle gehou het van wat hulle gesien het? Skryf EEN woord as antwoord neer. (1)

5.9 Kies elke keer die woord uit KOLOM B wat by die versreël (s) in KOLOM A pas. Skryf net die letter langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.9.1 "soos 'n laer in die nag" | A. Progressie |
| 5.9.2 "kalkoentjies het die sprinkaanwals gesing" | B. Vergelyking |
| 5.9.3 "die hoepelronde blou-blou lug" | C. Metafoor |
| | D. Personifikasie |

3x1 (3)

5.10 Wat is die funksie van die herhaling van die kleure "rooi-rooi" en "blou-blou"? (1)

5.11 Haal EEN woord uit strofe 5 aan wat na die vorm van die maan verwys? (1)

5.12 Die kabouter was uitbundig gelukkig in strofe 6.

5.12.1 Sê of bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

5.12.2 Motiveer jou antwoord deur 'n versreël aan te haal. (1)

5.13 Watter versreël uit strofe 6 beklemtoon die feit dat die spreker wil bevestig dat sy nie 'n leuen vertel nie. (1)

5.14 Wie het vir die spreker gesê waar die liefde lê?
Skryf net EEN woord as antwoord neer. (1)

5.15 Waarom kan die leser reeds in die titel sien dat daar 'n idee van 'n sprokie geskep word? Verduidelik in jou eie woorde. [1]
[17 ½]

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig noukeurig deur en beantwoord al die vrae.

**Wie's hy? – Adam Small**

**Die poet,**
**wie's hy?**
**Djulle het so baie bek oorie poet,**
**ma wie's hy?**
**Is hy rerag soes djulle dink**
**die ou moerie pen ennie ink**
**wat in sy study sit en poems dink?**

**Nai,**
**djulle's mistaken,**
**nie hy nie**
**ma djúlle is die poets,**
**djulle wat innie straat in loep**
**ennie gladde bek verkoep**
**ma die dinge sien**
**en soema net daa God tien hulle roep!**

6.1 Wie is die "hy" in die gedig? (½)

6.2 Wat is die funksie van die retoriese vrae in hierdie gedig? (1)

6.3 Wat is die funksie van die volgende aksentteken in reël 11?

"ma djúlle is die poets" (1)

6.4 Wie is die "djulle" waarvan die spreker praat? (1)

6.5 Gee een verskil tussen die digter en die gewone mense in strofe 1. (1)

6.6 Gee die Afrikaanse woord vir "mistake". (1)

6.7 Kies uit KOLOM B die aanhaling wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die lettter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.7.1 Baie te sê het | A. "God tien hulle roep" |
| 6.7.2 Iemand wat maklik en vinnig Praat | B. "gladde bek" |
| 6.7.3 Julle maak 'n fout | C. "djulle's mistaken" |
| | D. "baie bek het" |

3x1 (3)

6.8 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Versreël 3 beteken "gewone mense"

A. veroordeel die digter
B. het baie te sê oor die digter
C. weet niks van die digter nie
D. het 'n probleem met die digter (1)

6.9 Die mense dink die "poet" is iemand wat in sy studeerkamer sit en gedigte uitdink.

Die spreker in die gedig stem saam met die mense se siening.

6.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.9.2 Motiveer jou antwoord deur 'n versreël uit strofe twee aan te haal. (1)

6.10 Gee EEN rede waarom die spreker die gewone mens in die straat eerder as digters beskou. Haal 1 versreël as antwoord aan. (1)

6.11 Watter versreël dui daarop dat die mens in die straat baie kan praat? (1)

6.12 Haal die versreël aan wat sê dat mense dadelik reageer as hulle "dinge" sien. (1)

6.13 Wat is hierdie "dinge" wat die mense sien? (1)

6.14 Herskryf versreël 7 en dui die alliterasie aan. (1)

6.15 Gee 'n rede waarom ons kan sê dat die spreker in die gedig 'n positiewe invloed op mense het. (1}

(17 ½ )

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

**STERKTE!**